MN 5

VERTROULIK
CONFIDENTIAL

HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

INSTITUTE FOR MANPOWER RESEARCH INSTITUTE FOR MANPOWER RESEARCH

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSIN

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

DIE VERMENIGVULDIGER VIR DIE BANTOEDORPE
GIYANI, SESHEGO EN MA-KWARELA

# NAVORSINGSBEVINDING

*

# RESEARCH FINDING

001.3072068 HSRC MN 5
HUMANITAS RGN • HSRC

| Klasnr./Class No. | Registernr./No. |
| --- | --- |
| 001.3072068 HSRC MN 5 | 39836/5 |

RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

BIBLIOTEEK
LIBRARY

HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

39836

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Die vermenigvuldiger vir die Bantoedorpe Giyani, Seshego en Ma-Kwarela

HUMANITAS
RGN•HSRC

RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

M.Com.

VERVALDATUM / DATE DUE

1988 -03- 14

)RSING

Verhoef

ETORIA

1973

r. M-N-5

*107986*

BESTELNOMMER
39836

## INHOUD


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1. | INLEIDING EN DOELSTELLING | 1 |
| 2. | DIE VERMENIGVULDIGER, 'N BEGRIPSOMSKRYWING | 1 |
| 3. | DIE STREEKPROEF | 3 |
| 4. | DIE METODE VAN ONDERSOEK | 4 |
| 5. | DIE BESTEDINGSPATRONE EN PLAASLIKE PRODUKSIE | 5 |
| 6. | BEREKENING VAN DIE VERMENIGVULDIGER | 12 |
| 7. | SLOTOPMERKINGS | 13 |

## 1. INLEIDING EN DOELSTELLING

Beplande ekonomiese ontwikkeling van 'n land of gebied sonder 'n deeglike kennis van sekere plaaslike omstandighede soos die beskikbaarheid van hulpbronne en infrastruktuurdienste, die ligging en grootte van die mark en die grootte van die vermenigvuldiger, is haas onmoontlik. Die vermenigvuldiger is vir ekonomiese beplanningsdoeleindes veral belangrik omdat dit die beplanner in staat stel om met 'n groter mate van sekerheid te bepaal hoeveel in 'n land of gebied belê moet word om die ekonomie daarvan sover te ontwikkel dat werkgeleenthede en die bruto binnelandse produk elk met 'n bepaalde persentasie sal toeneem.

Waar die ekonomiese ontwikkeling van bepaalde groeipunte in en om die Bantoetuislande tans van owerheidsweë baie aandag geniet, is dit wenslik dat die vermenigvuldiger vir sulke gebiede bekend sal wees. In die lig van voorgaande is die doel met hierdie studie om die vermenigvuldiger vir drie dorpe wat in drie verskillende Bantoetuislande geleë is, te bereken. Die drie dorpe is Seshego, Giyani en Ma-Kwarela, wat onderskeidelik in Lebowa, Gazankulu en Venda geleë is.

Die verbruiksbestedings- en besparingsdata waarop die berekening van die vermenigvuldiger in hierdie studie gebaseer word, is onder leiding van mnr. P. Hartman, mnr. I.K. du Plessis en dr. J.J. Schmidt ingesamel.

## 2. DIE VERMENIGVULDIGER, 'N BEGRIPSOMSKRYWING

Die verhoging van bestedings in 'n bepaalde land of gebied met 'n betekenisvolle bedrag, sê een miljoen rand, sal sonder meer die totale inkomste van die land of gebied se inwoners met die genoemde bedrag (R1 miljoen) laat styg, ongeag die oorsaak van die verhoging in besteding.

Indien die persone wat die bestede bedrag as loon, of vergoeding vir handelsware, grondstowwe of gelewerde dienste of selfs as geskenke ontvang, dit sou oppot, sal die verhoogde besteding geen verdere invloed op die totale inkomste van die land of gebied hê nie. Indien hulle egter die bedrag wat hulle ontvang, of 'n deel daarvan, gebruik om hul eie bestedings aan plaaslike goedere en dienste te verhoog, sal die inwoners van die betrokke land of gebied se totale inkomste met verloop van tyd met meer as die oorspronklike bedrag (R1 miljoen) styg.

Die verskynsel dat die uiteindelike styging in totale inkomste groter is as die oorspronklike R1 miljoen, word die vermenigvuldigeraksie of vermenigvuldigereffek van die verhoogde bestedings of beleggings genoem.

P.A. Samuelson (Economics. An Introductory Analysis. p. 23) definieer die vermenigvuldiger as: "...... the number by which the change in investment must be multiplied in order to present us with the resulting change in income."

'n Vermenigvuldigeraksie kan deur 'n hele verskeidenheid van gebeurlikhede aan die gang gesit word. Die mees algemeen van die gebeurlikhede is die volgende:

(a) 'n Nuwe belegging in die betrokke gebied ongeag daarvan of dit uit bestaande besparings of met ingevoerde kapitaal gefinansier is.

(b) 'n Verhoging van verbruiksbesteding in die gebied deur die owerheid gefinansier uit fondse wat van ander gebiede kom.

(c) 'n Verhoging van verbruiksbesteding in die gebied deur toeriste.

(d) 'n Verhoging van die plaaslike inwoners se grensverbruiksgeneigdheid. Dit beteken dat die plaaslike inwoners 'n groter persentasie van hul inkomste aan verbruiksgoedere en -dienste bestee en 'n kleiner persentasie daarvan spaar.

(e) 'n Verhoging in die uitvoere uit die gebied sonder 'n ooreenstemmende verhoging in invoere.

Verhoogde inkomste vir die inwoners van die gebied, ongeag die oorsprong daarvan, sal egter geen vermenigvuldigeraksie aan die gang sit, indien die inwoners van die gebied nie minstens 'n deel van die verhoogde inkomste op plaaslik geproduseerde verbruiksgoedere of -dienste bestee nie. Trouens die grootte van die vermenigvuldiger hang direk af van die grensverbruiksgeneigdheid van die inwoners van die land of gebied. Hoe groter die persentasie van 'n inkomsteverhoging wat op plaaslike verbruiksgoedere en -dienste bestee word, hoe groter die vermenigvuldiger. Normaalweg word die vermenigvuldiger dan ook bereken as die omgekeerde van die grensbesparingsgeneigdheid en wel soos volg:

$$K = \frac{1}{\dfrac{(\Delta Y - \Delta C)}{\Delta Y}}$$

Of:

$$K = \frac{1}{1 - \dfrac{(\Delta Y - \Delta S)}{\Delta Y}}$$

waar $K$ = vermenigvuldiger
$Y$ = inkome
$C$ = verbruiksbesteding
$S$ = besparings
$Y = C + S$
en $\Delta$ = 'n klein toename is.

Die bostaande formule is die gebruiklike een wat in alle handboeke aangetref sal word. Tog geld dit eintlik net vir 'n geslote ekonomiese stelsel sonder 'n owerheidsektor.

In 'n oop ekonomiese stelsel, dit wil sê 'n stelsel waar daar handelskontak met ander lande of gebiede bestaan, kan 'n deel van enige verhoging in inkome die gebied permanent verlaat. Bestedings op invoergoedere, sonder 'n ooreenstemmende verhoging in uitvoere, wat in die geval van 'n dorp of streek en in die geval van 'n land oor die korttermyn wel kan gebeur, verteenwoordig so 'n lekkasie uit die verhoogde inkome en dus uit die voortgesette bestedingstroom uit, aangesien die buitelandse of buitestreekse ontvanger daarvan, dit hoogs waarskynlik in sy eie of derde lande of streke sal bestee.

Bedrae wat aan die owerheid as belasting betaal word en nie deur die owerheid in die betrokke gebied aan verbruikersgoedere bestee word nie, verteenwoordig ook 'n lekkasie uit die plaaslike bestedingstroom wat by die berekening van die plaaslike vermenigvuldiger vir 'n dorp, stad of streek in berekening gebring moet word.

'n Vermenigvuldigerformule vir 'n oop ekonomiese stelsel wat ook vir belastinglekkasies voorsiening maak, sal soos volg moet lyk:

$$K = \frac{1}{1 - \Delta Y - \frac{(\Delta S + \Delta M + \Delta T)}{\Delta Y}}$$

waar M = invoere (insluitende bedrae buite die grense van die betrokke gebied bestee),
T = belastings is.

Daar is ook diegene wat van 'n beleggingsvermenigvuldiger, 'n buitelandse handelsvermenigvuldiger, 'n owerheidsbestedingsvermenigvuldiger ensovoorts praat, net om te onderskei tussen die oorsprong van die aanvanklike dryfkrag agter die verhoogde inkome wat op sy beurt weer die verhoogde verbruiksbesteding tot gevolg gehad het. In al hierdie gevalle hang die grootte van die berekende vermenigvuldiger slegs af van die grensverbruiksgeneigdheid en grensinvoergeneigdheid van die inwoners van die betrokke land of gebied.

In al die gevalle sal die uiteindelike gevolg van die vermenigvuldigeraksie ook wees dat beide totale inkome en totale werkgeleentheid met meer sal toeneem as die direkte toename wat deur die oorspronklike dryfkrag veroorsaak is.

Die stigting van 'n fabriek wat werkgeleentheid aan een honderd werkers verskaf, sal, met ander woorde, totale werkgeleentheid met meer as een honderd laat toeneem en 'n aanvanklike inkomsteverhoging, wat ook al die oorsaak daarvan, sal uiteindelik 'n nog hoër inkomsteverhoging tot gevolg hê as gevolg van die vermenigvuldigeraksie.

## 3. DIE STEEKPROEF

In Giyani en Ma-Kwarela is die opname by die lede van onderskeidelik 208 en 192 huisgesinne gedoen. Dit verteenwoordig tussen 80 en 90 persent van die universum.

In die geval van Seshego is die opname gedoen by 790 gesinne wat op gelykkansige wyse gekies is. Dit verteenwoordig ongeveer 13 persent van die universum.

In al drie die gevalle is slegs inligting by Bantoegesinne ingewin. In die onmiddellike omgewing van Giyani en Ma-Kwarela te wete by Ben Stores in die geval van Giyani en by Sibasa in die geval van Ma-Kwarela, woon egter 'n sterk gemeenskap van Blanke besigheidslui en amptenare wat 'n integrale deel van die ekonomiese gemeenskappe van die twee dorpe vorm. Aangesien geen opname by die Blankes gedoen is nie, is die berekenings in die geval van die twee dorpe nie heeltemal volledig nie. Daar kan egter aanvaar word dat die Blankes 'n groter persentasie van hul inkomste spaar en/of buite die gebied bestee. Die invloed van die Blankes se bestedings in die twee gebiede kan dus slegs tot gevolg hê dat die vermenigvuldiger laer as die berekende een sal wees.

## 4. DIE METODE VAN ONDERSOEK

Die ondersoek het eerstens bestaan uit 'n huis-tot-huisopname om die bestedingspatrone van die inwoners vir April 1972 van elke dorp te bepaal en tweedens uit 'n opname by handelaars en ander dienslewerende organisasies om te bepaal watter persentasie van die goedere en dienste wat plaaslik aangekoop word, plaaslik geproduseer word.

Die huis-tot-huisopname is deur Bantoeveldwerkers onder toesig van 'n Blanke navorser gedoen. Daar is van 'n gestruktureerde vraelys gebruik gemaak (kyk bylae A). Die Bantoeveldwerkers was almal òf gematrikuleerde klerke òf gekwalifiseerde onderwysers. Die ondersoek by die handelaars en diensorganisasies is deur 'n Blanke navorser gedoen.

Dit was nie moontlik om in alle gevalle presies te bepaal watter persentasie van die plaaslik verhandelde goedere en dienste plaaslik geproduseer word nie. In sommige gevalle moes 'n skatting gemaak word op grond van plaaslike handelaars se totale verkope en die gemiddelde bedrag per inwoner wat volgens die opnamegegewens binne elke gebied aan die betrokke artikel(s) bestee word. In ander gevalle moes die persentasies op die bruto winskoers van plaaslike handelaars, soos dit uit die ervaring van amptenare van die BBK bekend is, gebaseer word. Nog ander persentasies is gebaseer op die kennis van plaaslike amptenare en handelaars beide Blank en Bantoe.

Uit die formule wat in paragraaf 2 aangegee word, blyk dat gegewens oor die addisionele bestedings en besparings wat sal volg op 'n klein verandering (toe- of -afname) in inkomste nodig is vir die berekening van die vermenigvuldiger. Gevolglik sal dit nodig wees om minstens twee opnames van die bestedingspatrone van 'n land of gebied te maak alvorens die vermenigvuldiger bereken kan word. Die eerste opname moet dan geskied voor en die tweede een nadat daar 'n klein verandering in die inkomstestruktuur van die bevolking plaasgevind het.

Aangesien praktiese oorwegings egter die berekening van 'n vermenigvuldiger, voordat 'n tweede opname gemaak kan word, noodsaaklik maak, sal daar in hierdie studie uitgegaan word van die veronderstelling dat die inwoners van die drie groeipunte se bestedings- en besparingspatroon gefinansier uit 'n klein toename in inkomste

presies dieselfde sal bly as hul bestedings- en besparingspatroon gefinansier uit hul huidige inkomste. So 'n aanname sal waarskynlik baie na aan die waarheid wees in die geval van Bantoes, wat maar na aan die broodlyn lewe en gevolglik nie in staat en/of gewillig sal wees om op grond van 'n klein verandering in hul inkomste hul bestedingspatroon betekenisvol te verander nie.

## 5. DIE BESTEDINGSPATRONE EN PLAASLIKE PRODUKSIE

'n Ontleding van die bestedingspatrone van die Bantoe-inwoners van Seshego, Giyani en Ma-Kwarela verskyn in tabelle 5.1, 5.3 en 5.5. In tabelle 5.2, 5.4 en 5.6 word aangetoon watter persentasie van die goedere en dienste wat in die drie gebiede deur die Bantoe-inwoners aangekoop word, plaaslik geproduseer word.

Uit die tabelle blyk eerstens dat daar 'n groot verskil is tussen die persentasie goedere plaaslik aangekoop in Seshego teenoor dié in Giyani en Ma-Kwarela. Die inwoners van Seshego bestee ongeveer 65 persent van hul inkomste buite die grense van Seshego, terwyl die ooreenstemmende persentasie van die ander twee dorpe 25,7 en 29,7 is. Die rede vir die verskynsel is geleë in die ligging van die drie dorpe ten opsigte van Blanke dorpe.

Seshego is naamlik tien kilometer van Pietersburg af geleë. Verder bestaan daar 'n gerieflike goedkoop openbare vervoerstelsel in die vorm van 'n gesubsidieerde busdins tussen Seshego en Pietersburg. Gevolglik kan verwag word dat die inwoners van Seshego 'n groot persentasie van hul normale aankope van nie-bederfbare verbruikersgoedere eerder by die groot kettingwinkels in Pietersburg as by die klein algemene handelaars van Seshego sal doen. Die groot kettingwinkels hou per slot van rekening 'n baie groter verskeidenheid goedere aan en kan dit teen 'n laer prys aanbied omdat hulle op 'n **baie** groot skaal aankoop en gevolglik baie laer aankooppryse as die klein algemene handelaar in Seshego kan beding.

Giyani en Ma-Kwarela is egter albei verder as 70 kilometer van 'n Blanke dorp af geleë met die gevolg dat dit die inwoners daarvan betaal om die grootste persentasie van hul normale aankope van verbruikersgoedere en- dienste in hul eie dorpe te doen. Op grond van voorgaande en op grond van die persentasies goedere en dienste in elke dorp aangekoop, soos wat dit uit die tabelle blyk, kan daar dus beweer word dat die ligging van 'n Bantoedrop ten opsigte van 'n Blanke sakesentrum die grootte van die vermenigvuldiger sal beïnvloed.

Die verskille wat daar bestaan ten opsigte van die persentasie goedere en dienste wat in die drie dorpe as plaaslik geproduseer beskou kan word, moet hoofsaaklik aan drie oorsake toegeskryf word.

Eerstens word daar in Seshego meer dienste soos mediese sorg plaaslik verskaf as in die ander twee dorpe.

Tweedens is daar 'n groothandelaar in Ma-Kwarela wat nie die geval in die ander twee dorpe is nie.

Derdens wil dit voorkom asof daar meer groente en vrugte in Ma-Kwarela verbou en plaaslik verbruik word as in Giyani.

**TABLE 5.1**

**MAANDELIKSE BESTEDINGSPATROON VAN DIE INWONERS VAN SESHEGO**

| Soort besteding | Bestedings buite die grense van Seshego | | Bestedings binne die grense van Seshego | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bedrag (R) | % | Bedrag (R) | % | Bedrag (R) | % |
| Bydraes tot huishoudelike uitgawes | 181 | 100 | | | 181 | 100 |
| Huishuur | 15 | 0,7 | 2122 | 99,3 | 2137 | 100 |
| Brandstof en beligting | 342 | 22,9 | 1151 | 77,1 | 1493 | 100 |
| Vervoer | 690 | 23,7 | 2223 | 76,3 | 2913 | 100 |
| Kruideniersware en kos | 7512 | 84,4 | 1385 | 15,6 | 8897 | 100 |
| Klerasie en skoeisel | 3875 | 90,2 | 419 | 9,8 | 4294 | 100 |
| Paaiemente op meubels en motors | 4568 | 100 | | | 4568 | 100 |
| Besparing | 1525 | 55,7 | 1212 | 44,3 | 2737 | 100 |
| Medisyne en dokter | 82 | 30,9 | 183 | 69,1 | 265 | 100 |
| Skryfbehoeftes en skoonheidsmiddels | 687 | 67,8 | 327 | 32,2 | 1014 | 100 |
| Rookgoed | 246 | 18,2 | 1108 | 81,8 | 1354 | 100 |
| Drank | 1406 | 69,7 | 612 | 30,3 | 2018 | 100 |
| Kerkbydraes | 51 | 8,4 | 558 | 91,6 | 609 | 100 |
| Ander uitgawes | 1293 | 72,4 | 493 | 27,6 | 1786 | 100 |
| TOTAAL | 22473 | 65,6 | 11793 | 34,4 | 34266 | 100 |

## TABEL 5.2

## OORSPRONG VAN DIE GOEDERE EN DIENSTE WAT DEUR DIE INWONERS VAN SESHEGO PLAASLIK AANGEKOOP WORD

| Soort goedere en dienste | Ingevoer | | Plaaslik geproduseer | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bedrag (R) | % | Bedrag (R) | % | Bedrag (R) | % |
| Huishuur | 400 | 19 | 1722 | 81 | 2122 | 100 |
| Brandstof en beligting | 1036 | 90 | 115 | 10 | 1151 | 100 |
| Vervoer | 1956 | 88 | 267 | 12 | 2223 | 100 |
| Kruideniersware en kos | 1247 | 90 | 138 | 10 | 1385 | 100 |
| Klerasie en skoeisel | 378 | 90 | 41 | 10 | 419 | 100 |
| Medisyne en dokter | 73 | 40 | 110 | 60 | 183 | 100 |
| Skryfbehoeftes en skoonheidsmiddels | 295 | 90 | 32 | 10 | 327 | 100 |
| Rookgoed | 998 | 90 | 110 | 10 | 1108 | 100 |
| Drank | 551 | 90 | 61 | 10 | 612 | 100 |
| Kerkbydraes | 223 | 40 | 335 | 60 | 558 | 100 |
| Ander uitgawes | 246 | 50 | 247 | 50 | 493 | 100 |
| TOTAAL | 7403 | 70 | 3178 | 30 | 10581 | 100 |

## TABEL 5.3

## MAANDELIKSE BESTEDINGSPATROON VAN DIE BANTOE-INWONERS VAN GIYANI

| Soort besteding | Bestedings buite die grense van Giyani | | Bestedings binne die grense van Giyani | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bedrag (R) | % | Bedrag (R) | % | Bedrag (R) | % |
| Bydrae tot huishoudelike uitgawes | 592 | 100 | | | 592 | 100 |
| Huishuur | 7 | 0,6 | 1134 | 99,4 | 1141 | 100 |
| Brandstof en beligting | 40 | 5,8 | 651 | 94,2 | 691 | 100 |
| Vervoer | 107 | 8,6 | 1130 | 91,4 | 1237 | 100 |
| Kruideniersware en kos | 279 | 6,1 | 4330 | 93,9 | 4609 | 100 |
| Klerasie en skoeisel | 768 | 21,0 | 2882 | 79,0 | 3650 | 100 |
| Paaiemente op meubels en motors | 2853 | 100 | | | 2853 | 100 |
| Besparing | 410 | 11,5 | 3148 | 88,5 | 3558 | 100 |
| Medisyne en dokter | 39 | 17,6 | 182 | 82,4 | 221 | 100 |
| Skryfbehoeftes en skoonheidsmiddels | 51 | 13,7 | 322 | 86,3 | 373 | 100 |
| Rookgoed | 4 | 1,6 | 251 | 98,4 | 255 | 100 |
| Drank | 7 | 1,6 | 427 | 98,4 | 434 | 100 |
| Kerkbydraes | 10 | 4,9 | 194 | 95,1 | 204 | 100 |
| Ander uitgawes | 22 | 5,7 | 364 | 94,3 | 386 | 100 |
| TOTAAL | 5189 | 25,7 | 15015 | 74,3 | 20204 | 100 |

## TABEL 5.4

### OORSPRONG VAN GOEDERE EN DIENSTE WAT DEUR DIE BANTOE-INWONERS VAN GIYANI PLAASLIK AANGEKOOP WORD

| Soort goedere en dienste | Ingevoer | | Plaaslik geproduseer | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bedrag (R) | % | Bedrag (R) | % | Bedrag (R) | % |
| Huishuur | | | 1134 | 100 | 1134 | 100 |
| Brandstof en beligting | 325 | 50 | 326 | 50 | 651 | 100 |
| Vervoer | 960 | 85 | 170 | 15 | 1130 | 100 |
| Kruideniersware en kos | 3897 | 90 | 433 | 10 | 4330 | 100 |
| Klerasie en skoeisel | 2594 | 90 | 288 | 10 | 2882 | 100 |
| Medisyne en dokter | 180 | 99 | 2 | 1 | 182 | 100 |
| Skryfbehoeftes en skoonheidsmiddels | 290 | 90 | 32 | 10 | 322 | 100 |
| Roodgoed | 226 | 90 | 25 | 10 | 251 | 100 |
| Drank | 385 | 90 | 42 | 10 | 427 | 100 |
| Kerkbydraes | 10 | 5 | 184 | 95 | 194 | 100 |
| Ander uitgawes | 182 | 50 | 182 | 50 | 364 | 100 |
| TOTAAL | 9049 | 76 | 2818 | 24 | 11867 | 100 |

## TABEL 5.5

### MAANDELIKSE BESTEDINGSPATROON VAN DIE BANTOE-INWONERS VAN MA-KWARELA

| Soort besteding | Bestedings buite die grense van Ma-Kwarela | | Bestedings binne die grense van Ma-Kwarela | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bedrag (R) | % | Bedrag (R) | % | Bedrag (R) | % |
| Bydraes tot huishoudelike uitgawes | 1658 | 100 | | | 1658 | 100 |
| Huishuur | 6 | 0,8 | 748 | 99,2 | 754 | 100 |
| Brandstof en beligting | 10 | 1,6 | 622 | 98,4 | 632 | 100 |
| Vervoer | 64 | 17,2 | 308 | 82,8 | 372 | 100 |
| Kruideniersware en kos | 56 | 2,1 | 2671 | 97,9 | 2727 | 100 |
| Klerasie en skoeisel | 692 | 39,7 | 1049 | 60,3 | 1741 | 100 |
| Paaiemente op meubels en motors | 1724 | 100 | | | 1724 | 100 |
| Besparing | | | 3978 | 100 | 3978 | 100 |
| Medisyne en dokter | 122 | 100 | | | 122 | 100 |
| Skryfbehoeftes en skoonheidsmiddels | 14 | 9,5 | 134 | 90,5 | 148 | 100 |
| Rookgoed | 13 | 5,8 | 213 | 94,2 | 226 | 100 |
| Drank | 18 | 5,8 | 292 | 94,2 | 310 | 100 |
| Kerkbydraes | 5 | 6,1 | 77 | 93,9 | 82 | 100 |
| Ander uitgawes | 20 | 5,6 | 338 | 94,4 | 358 | 100 |
| TOTAAL | 4402 | 29,7 | 10430 | 70,3 | 14832 | 100 |

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

## TABEL 5.6

### OORSPRONG VAN GOEDERE EN DIENSTE WAT DEUR DIE BANTOE-INWONERS VAN MA-KWARELA PLAASLIK AANGEKOOP WORD

| Soort goedere en dienste | Ingevoer | | Plaaslik geproduseer | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bedrag (R) | % | Bedrag (R) | % | Bedrag (R) | % |
| Huishuur | | | 748 | 100 | 748 | 100 |
| Brandstof en beligting | 311 | 50 | 311 | 50 | 622 | 100 |
| Vervoer | 262 | 85 | 46 | 15 | 308 | 100 |
| Kruideniersware en kos | 2270 | 85 | 401 | 15 | 2671 | 100 |
| Klerasie en skoeisel | 892 | 85 | 157 | 15 | 1049 | 100 |
| Skryfbehoeftes en skoonheidsmiddels | 114 | 85 | 20 | 15 | 134 | 100 |
| Rookgoed | 181 | 85 | 32 | 15 | 213 | 100 |
| Drank | 263 | 90 | 29 | 10 | 292 | 100 |
| Kerkbydraes | 4 | 5 | 73 | 95 | 77 | 100 |
| Ander uitgawes | 169 | 50 | 169 | 50 | 338 | 100 |
| TOTAAL | 4466 | 69 | 1986 | 31 | 6452 | 100 |

Uit die tabelle blyk ook dat die rol van belastings nie in aanmerking geneem is nie. Die rede daarvoor is eerstens dat koopbelasting hoofsaaklik op ingevoerde goedere gehef word. Deur koopbelasting afsonderlik in berekening te bring, word een vorm van dreinering uit die plaaslike bestedingstroom slegs oorgeplaas na 'n ander vorm van dreinering sonder om die berekende vermenigvuldiger enigsins te beïnvloed.

Tweedens is die bedrae persoonlik en inkomstebelasting so klein dat dit nie 'n wesentlike verskil aan die resultate van die ondersoek sal maak nie. Bowendien is die drie dorpe al drie "hoofstede" van drie tuislande, met die gevolg dat bedrae wat plaaslik as belasting gehef word, feitlik onmiddellik in die bestedingstroom terugkom in die vorm van lone wat aan regeringsamptenare uitbetaal word.

## 6. BEREKENING VAN DIE VERMENIGVULDIGER

Uit die formules in paragraaf 2 blyk dat die syfers vir 'n klein toename in inkome en die ooreenstemmende klein toename in verbruik benodig word vir die berekening van die vermenigvuldiger.

Die drie dorpe is egter al drie onlangs gestigte dorpe met die gevolg dat die inkomstes en bestedings van die inwoners van die dorpe, binne perke, beskou kan word as toenames in pleks van as totale. Bowendien kan aanvaar word dat 'n klein toename in 'n werker se inkomste nie daartoe lei dat hy sy bestedingspatroon betekenisvol verander nie.

Op grond van die syfers in tabelle 5.1 tot 5.6 word die vermenigvuldiger vir die drie dorpe nou soos volg bereken:

### 6.1 SESHEGO

$$K = \frac{1}{1 - \frac{\Delta C}{\Delta Y}} = \frac{1}{1 - \frac{3178}{34266}} = 1{,}10$$

### 6.2 GIYANI

$$K = \frac{1}{1 - \frac{\Delta C}{\Delta Y}} = \frac{1}{1 - \frac{2818}{20204}} = 1{,}16$$

### 6.3 MA-KWARELA

$$K = \frac{1}{1 - \frac{\Delta C}{\Delta Y}} = \frac{1}{1 - \frac{1986}{14832}} = 1{,}15$$

## 7. SLOTOPMERKINGS

7.1 Indien in gedagte gehou word dat die vermenigvuldiger vir die Republiek van Suid-Afrika ongeveer 3 is, dan is dit duidelik dat daar in die genoemde drie Bantoedorpe tans nie juis sprake van 'n noemenswaardige vermenigvuldigeraksie is nie. Die grootte van die berekende vermenigvuldigers dui daarop dat daar tans weinig, indien enige, werkgeleenthede sal ontstaan bo en behalwe dié wat deur direkte owerheidsoptrede geskep is. Die enkeles wat wel as gevolg van 'n vermenigvuldigeraksie sal ontstaan, sal waarskynlik almal in die handel- en dienstesektor wees.

7.2 Dit wil voorkom asof die ligging van 'n Bantoedorp 'n besliste invloed op die vermenigvuldiger het. Die grootte van die bestedingsvermenigvuldigers wat vir Seshego, Giyani en Ma-Kwarela bereken is, dui daarop dat dit wenslik is om nuwe groeipunte en hoofstede in die Bantoetuislande so ver as wat moontlik is, van 'n Blanke dorp af te vestig ten einde te verseker dat beleggings aldaar die maksimum getal nuwe werkgeleenthede tot gevolg sal hê.

7.3 Op grond van die bestedingspatrone van die inwoners van die drie drope wil dit voorkom asof die enigste manier om die vermenigvuldiger in die betrokke dorpe en soortgelyke gebiede betekenisvol te verhoog, sal wees om vervaardigingsnywerhede daar te vestig.

| Record number | | | | | | 1–5 |
|---|---|---|---|---|---|---|

| | | Area of investigation | | Elsewhere | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 219 | Contribution to household expenditure | R | C | R | C | 6–13 |
| 220 | House rental | | | | | 14–21 |
| 221 | Taxation (in respect of residence) | | | | | 22–27 |
| 222 | Payments on loan (housing loan) | | | | | 28–33 |
| 223 | Transport (private) | | | | | 34–41 |
| 224 | Electricity | | | | | 42–47 |
| 225 | Wood and coal | | | | | 48–53 |
| 226 | Paraffin | | | | | 54–59 |
| 227 | Polish | | | | | 60–65 |
| 228 | Soap | | | | | 66–71 |

| | | |
|---|---|---|
| Card number | 2 | 76 |
| Project number | MM 22 | 77–80 |

| Record number | | | | | | 1–5 |
|---|---|---|---|---|---|---|

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 229 | Meat and fish | | | | | 6–13 |
| 230 | Maize meal | | | | | 14–19 |
| 231 | Samp | | | | | 20–25 |
| 232 | Corn | | | | | 26–31 |
| 233 | Coffee | | | | | 32–37 |
| 234 | Sugar | | | | | 38–43 |
| 235 | Groceries (other) | | | | | 44–51 |
| 236 | Vegetables and fruit | | | | | 52–57 |
| 237 | Clothing: Men | | | | | 58–65 |
| 238 | Clothing: Women | | | | | 66–73 |

| | | |
|---|---|---|
| Card number | 3 | 76 |
| Project number | MM 22 | 77–80 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Record number | | | | | 1–5 |

| | | Area of investigation | | Elsewhere | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 239 | Clothing: Children | R | C | R | C | 13–16 |
| 240 | Payments: Furniture | | | | | 14–21 |
| 241 | Payments: Vehicle | | | | | 22–29 |
| 242 | Payments: Policies (funeral) | | | | | 30–35 |
| 243 | Payments: Other | | | | | 36–41 |
| 244 | Saving (Mogodiso/Muhorisano) | | | | | 42–51 |
| 245 | Medicine, doctor, etc. | | | | | 52–57 |
| 246 | Stationery | | | | | 58–63 |
| 247 | Toiletries | | | | | 64–69 |
| 248 | Smoking requirements : Cigarettes, tobacco, pipe, etc. | | | | | 70–75 |

| | | |
|---|---|---|
| Card number | 4 | 76 |
| Project number | MM 22 | 77–80 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Record number | | | | | 1–5 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 249 | Liquor : Bantu beer | | | | | 6–11 |
| 250 | Liquor : Other | | | | | 12–19 |
| 251 | Church contributions | | | | | 20–25 |
| 252 | Miscellaneous : other items not mentioned above | | | | | 26–33 |

| | | |
|---|---|---|
| Card number | 5 | 76 |
| Project number | MM 22 | 77–80 |



39836

RGN BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY

Hennie's/6999.